// OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA
BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c — Friday 22 June 1979 — WINDHOEK — Vrydag 22 Junie 1979 — No. 3979

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
*Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek

---

No. 100] [22 June 1979

ORDINANCE, 1979: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 12 of 1979 Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1979

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

---

No. 100] [22 Junie 1979

ORDONNANSIE, 1979: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 12 van 1979 Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds, 1979

**No. 12 of 1979**

TERRITORIAL DEVELOPMENT AND RESERVE FUND AMENDMENT ORDINANCE, 1979

*(Assented to 18 June 1979)*
*(Afrikaans text signed by the Administration-General)*
*(Date of commencement: sec. 1(1)(a) 1 April 1973; sec. 1(1)(b) 1 January 1974 — see sec. 1(2))*

# ORDINANCE

To amend the Territorial Development and Reserve Fund Ordinance, 1944, so as to extend the matters in respect of which moneys may be paid out from the Roads Construction Account and the Account for the erection and improvement of accommodation establishments in South West Africa; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:–

Amendment of section 6 of Ordinance 13 of 1944, as amended by section 1 of Proclamation 16 of 1945, section 1 of Ordinance 5 of 1946, section 3 of Ordinance 8 of 1947, section 3 of Ordinance 9 of 1948, section 2 of Ordinance 2 of 1950, section 1 of Ordinance 18 of 1951, section 3 of Ordinance 3 of 1953, section 4 of Ordinance 16 of 1953, section 3 of Ordinance 14 of 1955, section 36 of Ordinance 39 of 1955, section 3 of Ordinance 27 of 1957, section 2 of Ordinance 12 of 1958, section 2 of Ordinance 3 of 1959, section 16 of Ordinance 29 of 1967, section 1 of Ordinance 22 of 1969, section 3 of Ordinance 3 of 1970, sections 1 and 3 of Ordinance 2 of 1973 and section 1 of Ordinance 15 of 1976.

1. (1) Section 6 of the Territorial Development and Reserve Fund Ordinance, 1944, is hereby amended —

(a) by the substitution for subparagraph (iv) of paragraph (e) of subsection (1) of the following subparagraph:

"(iv) the execution, subject to the payment of the fees determined by the Executive Committee from time to time, of any work by the Roads Branch for other branches of the Administration, for State Departments of the Republic of South Africa, for local authorities, for other authorities, bodies and persons, whether vested with any form or measure of public authority or not, approved by the Executive Committee and in respect of airports;"; and

(b) by the substitution for paragraph (n) of subsection (1) of the following paragraph:

"(n) *Account for the erection, extension and improvement of accommodation establishments in South West Africa.*

For the payment of loans granted by the Executive Committee under the provisions of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 (Ordinance 20 of 1973), as amended.".

WYSIGINGSONRDONNANSIE OP DIE GEBIEDS-ONTWIKKELINGS- EN -RESERWEFONDS, 1979 **No. 12 van 1979**

*(Goedgekeur 18 Junie 1979)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding: art. 1(1)(a) 1 April 1973; art. 1(1)(b) 1 Januarie 1974 — sien art. 1(2))*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds, 1944, ten einde die aangeleenthede ten aansien waarvan gelde uit die Padbourekening en die Rekening vir die bou en verbetering van huisvestingsinrigtings in Suidwes-Afrika uitbetaal mag word, uit te brei; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 13 van 1944, soos gewysig deur artikel 1 van Proklamasie 16 van 1945, artikel 1 van Ordonnansie 5 van 1946, artikel 3 van Ordonnansie 8 van 1947, artikel 3 van Ordonnansie 9 van 1948, artikel 2 van Ordonnansie 2 van 1950, artikel 1 van Ordonnansie 18 van 1951, artikel 3 van Ordonnansie 3 van 1953, artikel 4 van Ordonnansie 16 van 1953, artikel 3 van Ordonnansie 14 van 1955, artikel 36 van Ordonnansie 39 van 1955, artikel 3 van Ordonnansie 27 van 1957, artikel 2 van Ordonnansie 12 van 1958, artikel 2 van Ordonnansie 3 van 1959, artikel 16 van Ordonnansie 29 van 1967, artikel 1 van Ordonnansie 22 van 1969, artikel 3 van Ordonnansie 3 van 1970, artikels 1 en 3 van Ordonnansie 2 van 1973 en artikel 1 van Ordonnansie 15 van 1976.

1. (1) Artikel 6 van die Ordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds, 1944, word hierby gewysig —

(a) deur subparagraaf (iv) van paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iv) die uitvoering, onderhewig aan die betaling van die gelde van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal, van enige werk deur die Afdeling Paaie vir ander afdelings van die Administrasie, vir Staatsdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika, vir plaaslike besture, vir ander instansies, liggame en persone, hetsy met enige vorm of mate van owerheidsgesag beklee al dan nie, wat deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is en ten opsigte van lughawens;"; en

(b) deur paragraaf (n) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(n) *Rekening vir die bou, uitbreiding en verbetering van huisvestingsinrigtings in Suidwes-Afrika.*

Vir die uitbetaling van lenings wat deur die Uitvoerende Komitee toegestaan is ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1973 (Ordonnansie 20 van 1973), soos gewysig.".

**No. 12 of 1979** TERRITORIAL DEVELOPMENT AND RESERVE FUND AMENDMENT ORDINANCE, 1979

(2)(a) Subsection (1)(a) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1973.

(b) Subsection (1)(b) shall be deemed to have come into operation on 1 January 1974.

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1979.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE GEBIEDSONTWIKKELINGS- EN -RESERWEFONDS, 1979

**No. 12 van 1979**

(2)(a) Subartikel (1)(a) word geag op 1 April 1973 in werking te getree het.

(b) Subartikel (1)(b) word geag op 1 Januarie 1974 in werking te getree het.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds, 1979. Kort titel.